DR. G. J. D. AALDERS, H. W. ZN., *Menschen en Machten. De Rol van de grote Mannen in de Geschiedenis*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1954. 103 blss.

Hierdie werkie is gewy aan een van die spesiale probleme van die filosofie van die geskiedenis, nl. word die verloop van die geskiedenis bepaal deur groot, besonder begaafde individue of deur bowe-individuele magte? Die skrywer behandel eers die twee uiterste standpunte, nl. aan die een kant dat die geskiedenis uitsluitlik deur groot individue bepaal word, en aan die ander kant dat bowe-individuele magte die geskiedenis bepaal, terwyl die groot manne maar produkte en uitveerders van die magte is. Daarna bespreek hy bemiddelende standpunte om dan by sy eie standpunt te kom.

Wat lg. betref: hoewel van Neo-Calvinistiese kraal, staan die skrywer vry en krities teenoor Dooyeweerd, wat werklik verfrissend is. Ten opsigte van die Heilige Skrif glo die skrywer dat daar 'n Gods plan in die geskiedenis is, maar (in teenstelling tot en baie meer beskeie as bv. Prof. Popma) hierdie Gods plan word ons nie in besonderhede gegee nie en ons bly steeds in die Pauliniese woord dat ons raaisels in 'n spieël sien en maar ten dele ken. Ook oor die onderhawige pro-

bleem gee die Skrif geen uitsluitsel nie en moet ons ons na die geskiedenis self wend vir 'n antwoord. Die skrywer se standpunt is dat groot individue die geskiedenis bepaal, hoewel relatief, omdat hulle altyd begrens en bepaal word deur die magte in hulle bepaalde situasie. Alle beskouings wat aan magte die voorrang gee, is vir hom in mindere of meerdere mate deterministies, wat vir hom ten enemale onaanvaarbaar is.

Die boekie is vlot geskrywe en lees aangenaam; iedereen kan dit verstaan. 'n Baie goeie kenmerk is die groot hoeveelheid literatuur wat die skrywer aangee. Ons kan die boekie ten sterkste aanbeveel.

P. S. DREYER.